

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

Afrikaans/English

| Edition 2 June 2016

## Investment inspires confidence

**THE R6.1 BILLION** investment by Toyota, one of the country's largest car manufacturers, will grow the local economy and create jobs.



President Jacob Zuma at the Toyota plant during the launch of the new Hilux and Fortuner models in Durban, KwaZulu-Natal.

### Thandeka Ngobese

Car manufacturer Toyota has invested over R6 billion into South Africa by opening a plant to produce the new Hilux and Fortuner models in Durban, KwaZulu-Natal.

The production of the new models supports more than

4 000 jobs while total employment in the plant exceeds 8 000 jobs.

Speaking at the launch of the locally-produced Toyota models, President Jacob Zuma said the investment demonstrates confidence in South Africa's economy.

"This is a significant contribution towards dealing

with the serious challenge of unemployment in our country. This investment clearly demonstrates the confidence that global automotive producers continue to have in South Africa as an investment destination and the supportive policy environment which we offer."

The President said

government has taken a conscious decision to support the country's automotive sector.

"The support provided by government through the Department of Trade and Industry (dti) has attracted investments of over R25

**Cont. page 2**



### Electricity to benefit thousands

Page 4



### Skills centre for the youth

Page 5



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za  
www.vukuzenzele.gov.za  
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za  
Tel: (+27) 12 473 0179

**Free Copy**

# Elektrisiteit tot duisende se voordeel

Thandeka Ngobese

**A**s deel van die Regering se massiewe Omvattende Ontwikkelingsprogram sal KwaZulu-Natal (KZN) se Departement van Koöperatiewe Regering en Tradisionele Sake elektrisiteit aan 1 200 landelike huishoudings verskaf.

Ongeveer 10 000 mense sal voordeel trek uit hierdie multimiljoenrand-inisiatief om basiese dienste aan landelike

munisipaliteite te lewer.

Een van die gemeenskappe wat hierdeur bevoordeel gaan word, is Ndwedwe. Die KZN-regering implementeer tans 'n elektrifiseringsprojek ten bedrae van R19 miljoen in die gebied.

Die Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram hanteer vraagstukke soos onderontwikkeling, voedselsekureit, werkloosheid, armoede en ander maatskaplike euwels, wat sinoniem met landelike gebiede geword het. **■**

## Elektrisiteit verander lewens

Zibuyisile Ngcobo (65)

van Sonkombo in die dorpie Ndwedwe, KwaZulu-Natal, het gedink sy sal nooit toegang tot elektrisiteit kry nie.

"Ek het begin bekommerd raak dat ek sal doodgaan voordat ek ooit elektrisiteit in my huis gaan hê, maar die Regering het tot my en my familie se redding gekom en ons kan nou ook die geriewe van die moderne lewe geniet.

"Die dae toe ons in die bos na brandhout moes gaan soek is iets van die verlede en ons kinders kan nou in die veiligheid van elektriese lig studeer," het sy gesê.

Nog 'n begunstigde, Nontshisekelo Bhengu (45) sê dat hulle voorheen net kon TV kyk wanneer hulle by familie in die stad gaan kuier het.

"Ons kan nou in ons eie huise TV kyk. Ons moes voorheen R42 aan vervoerkoste bestee, net om ons selfone in Verulam te gaan laai. Dit is só 'n groot verligting om elektrisiteit te hê. Ons is dankbaar teenoor die Regering wat ons daarvan

**"Die dae toe ons in die bos na brandhout moes gaan soek, is nou iets van die verlede."**

voorsien het," sê sy.

In haar toespraak aan gemeenskaplede het LUR Nomusa Dube-Ncube inwoners aangemoedig om gevalle van ver-



Nontshisekelo Bhengu het haar voorafbetaalde meter herlaai saam met KZN se LUR vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, Nomusa Dube-Ncube

meende elektrisiteitsdiefstal aan te meld, want dit het 'n negatiewe uitwerking op die Regering se vermoë het om elektrisiteit aan ander gemeenskappe te voorsien.

"As 'n gemeenskap het julle nou die verantwoordelikheid om te verseker dat julle die elektrisi-

teit oordeelkundig gebruik en dat niemand onwettige aansluitings maak of die meters probeer omseil nie, omdat die geld wat julle betaal help om te verseker dat Eskom kan aanhou om elektrisiteit te voorsien," het LUR Dube-Ncube gesê.

'n Lid van die Provinsiale

Wetgewer, Sihle Zikalala, wat self van Ndwedwe af kom, het die plaaslike leierskap bedank vir hul moeite om te verseker dat die omgewing toegang tot elektrisiteit het en die gemeenskap se aandag op die gevare van onwettige elektrisiteitsaansluitings gevestig. **■**

# Tshwane gets tough on drugs

Nonkululeko Mathebula

**T**he City of Tshwane is spending millions of rands fighting drug abuse after a continued influx of Mandrax, Nyaope and other drugs.

"We are aware that Tshwane has been labelled the drug capital of South Africa and this led to us allocating R50 million to tackle the problem in the 2015/16 financial year," said Tshwane Executive Mayor Kgositso Ramokgopa.

With the financial year drawing to a close, the R15 million of that sum not yet spent will be added onto other, yet-to-be-allocated funds to supplement



the city's existing initiatives to combat substance abuse. A percentage will go to rehabili-

tation centres and social welfare organisations.

Ramokgopa said that despite

the underspending, he is happy with what the city was able to achieve, adding that more funds will be injected into fighting drugs in the next financial year.

He said the money will assist in empowering ward-based drug action committees, which address drug problems and offer counselling and support for addicts.

So far, the city has established 48 local drug action committees in areas such as Soshanguve, Mabopane, Winterveldt, Ga-Rankuwa, Hammanskraal, Atteridgeville, Olievenhoutbosch, Cullinan and Mamelodi.

While the city has pledged to establish the equivalent of a narcotics unit within the Tshwane Metro Police, efforts to clamp

down on the manufacturing and distribution of drugs are ongoing.

"We have committed ourselves to conducting sporadic raids in drug distribution hotspots."

The Executive Mayor also announced plans for an awareness campaign aimed at the youth called 'Tswa Daar', which means 'stop it'.

According to Ramokgopa, the ultimate goal is not only to win the fight against drugs but to also have drug users completely rehabilitated.

"Although we are not catching the big fish, we are making arrests and are slowly making progress in this regard," said Ramokgopa. **■**

# Vaardighedsentrum vir die jeug

'N ALLES-IN-EENSENTRUM is pas geopen om jeugdige in die Sentrale Karoo te bemagtig, waarna dit ook landwyd uitgebrei gaan word.



Amukelani Chauke

President Jacob Zuma het onlangs die eerste meerdoelige sentrum in die Wes-Kaapse Sentrale Karoo geopen.

Plaaslike jongmense was betrokke by die bou van Beaufort-Wes se Jeugsentrum, wat in April 2015 geopen is. Die vaardighede wat hulle as deel van dié proses geleer het, sal nie verlore gaan nie omdat 'n koöperasie nou op die been gebring gaan word om instandhoudingswerk aan die jeugsentrum te doen.

Die President het tydens die oorhandigingseremonie gesê dat hy die sentrum aan die talle jongmense opdra wat hul lewens opgeoffer het om te verseker dat nie net die huidige geslag nie, maar ook toekomstige geslagte vryheid en demokrasie kan geniet.

Die feit dat dit aan die jeug opgedra is, is soveel meer betekenisvol weens die feit dat dit vanjaar die



President Jacob Zuma het onlangs 'n meerdoelige sentrum geopen, wat sal help om die vaardighede van die jeug in die Wes-Kaapse Sentrale Karoo te verbeter.

40ste herdenking van die 1976-jeugopstande is

Bouwerk aan die sentrum het in 2012 begin, met die sooispitseremonie wat op Mandeladag daardie jaar plaasgevind het. Die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming Gugile Nkwinti, het gesê die ontwikkeling sal as 'n loodsprojek dien, wat uiteindelik ook na ander provinsies uitgebrei sal word.

"...vir ons as die Regering, is die uitdagings wat die jeug in die gesig

staar, soos werkloosheid, die ernstigste bekommernis.

"Hoewel die omstandighede vir jeugdige in die land besig is om te verbeter, dui die verslag oor die Maatskaplike Profiel van die Jeug daarop dat swart jeugdige in die besonder steeds met groot uitdagings te doen kry wat betref opname in die arbeidsmark, vergeleke met hul blanke eweknieë," het President Zuma gesê.

Die fasiliteite by die sentrum sluit 'n ten volle toegeruste vaar-

digheidsentrum in wat deur die Suid-Kaapse Kollege bedryf word om elke jaar opleiding in sake-administrasie, eindgebruiker-rekenaarvaardighede en vroeë kinderoontwikkeling aan 200 deelnemers aan die Nasionale Landelike Jeugdienskorps te lewer.

Daar is ook 'n amfiteater en 'n opgeknapte gemeenskapsaal wat vir die groter gemeenskap beskikbaar sal wees.

President Zuma het gesê die sentrum se Inligtingskommunikasie-

en Tegnologiesentrum sal lede van die gemeenskap help om toegang tot gratis hoëspoedinternet en inligtingstechnologieë te verkry, wat sal help om hulle by die groter internasionale inligtingsgemeenskap te integreer.

Die sentrum is ook met wêreldklassport-en-ontspanningsgeriewe toegerus, wat lede van die gemeenskap die geleentheid sal bied om verskillende sportsoorte te verken en Suid-Afrika se onderskeie sportkodes te help transformeer.

Die half-Olimpiesestandaardswembad sal swemklubs huisves en mededingende swemgalas aanbied, terwyl die gimnasium spog met toerusting soortgelyk aan dié in die beste privaat gimnasiums, met vriendelike vergunning van die Virgin Active-groep.

"Hierdie gimnasium bewys wat gedoen kan word wanneer die Regering en die privaat sektor vennootskappe aangaan om arm gemeenskappe te ontwikkel," het President Zuma gesê. **V**

## Operation Phakisa training benefits KZN artisans

Thandeka Ngobese

Transnet has announced that it will spend R7.7 billion on training as it drives to meet capacity requirements in line with its Market Demand Strategy (MDS). As part of this initiative, the Transnet National Ports Authority (TNPA) has selected 18 candidates from the South Durban Basin for Operation Phakisa technical training.

The training forms part of Transnet's MDS to train artisans for shipbuilding and repair industry and is in line with the Operation Phakisa, which aims to unlock the potential of the oceans economy.

TNPA's Port of Durban has adopted 15 schools in the South Durban Basin and has various programmes in place aimed at developing mission critical skills within its communities from the ground up.

The Operation Phakisa technical training programme consists of two, three-year courses – Millwright and Coded Weld-

ing – run by the Transnet School of Engineering and a course on spray painting that will take place later during the year.

Being a part of TNPA's Operation Phakisa technical training course for Vuyani Chiya (23) is more than an opportunity to further his education, it is the means through which he hopes to change both his life and that of his mother.

Chiya who has been living in the South Durban Basin while he studies towards his N4 and N5 certificate at Umlazi Computech, is now working towards qualifying as a millwright.

"To be selected for this course, is a dream come true. I will study hard to fulfil my dream. We thank Transnet for those of us who come from disadvantage backgrounds," he said.

Capacity-building Manager for the KZN region at the Transnet School of Engineering Thandukwazi Magcaba said the skills training programme was a great opportunity, not only for the students but also for the country.



Students participating in the three-year Millwright course being run by the Transnet School of Engineering as part of Transnet National Ports Authority's Operation Phakisa technical training.

"Programmes such as these are incredibly important. I would say any country without properly trained artisans is lagging behind because, in some sectors, we do not have our own artisans and these individuals are imported. However, with programmes such as this in place, we can cut down on the amount of imports, harness job creation and move our unique projects forward."

Each course is made up of three phases. In the first, the apprentices are taught basic tooling; in the second, they familiarise themselves with the equipment they will be

working with/on; and in the final phase, the students work practically and are tested accordingly.

The success of the training programmes offered by the school, said Magcaba, is indicated by the increase in entrant numbers each year.

"When I first started here five years ago, we had 290 students. Now we have 539 – nearly double that number. It is very rewarding to know that we are helping to bring about positive change."

Of the 18 new recruits for the Operation Phakisa Technical Training, Angella Ndimande

is one of the four only females who made the cut this year.

Like Chiya, Ndimande is pursuing a career as a millwright engineer. Among her reasons for taking on the challenge are to illustrate to her 16-year-old daughter Nokulunga, the importance of furthering her studies.

"I have always wanted to be a millwright for as long as I can remember. Being here today makes me so happy, I can't explain it. But more than anything I did this for my daughter. To show her you are never too old to be educated." **V**

# SA se jeug benodig 'n helpende hand'



Khathu Ramukumba, Hoof Uitvoerende Beampte van die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA), in wisselwerking met jongmense tydens 'n uitreikprogram van die NYDA.

## \*Khathu Ramukumba

Op 16 June vier ons die 40ste herdenking van die 1976-jeugopstande en die opofferings wat soveel mense van daardie generasie gemaak het om 'n demokratiese land te bou.

Heelwat vordering is sedert 1994 gemaak, maar die jeug van Suid-Afrika word steeds negatief beïnvloed deur verskeie dringende vraagstukke soos armoede, ongelykheid en werkloosheid.

Nog meer moet gedoen word om die waardigheid en ontwikkeling van die jeug te bevorder.

## Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap

Die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA) is in die lewe geroep as 'n enkele, eenheidsvormende struktuur om vraagstukke rakende jeugontwikkeling op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak te help oplos.

Die NYDA speel 'n toonaange-

wende rol om te verseker dat belangrike belanghebbers soos die Regering, die privaat sektor en die burgerlike samelewing voorrang verleen aan jeugontwikkeling en bydraes lewer om blywende oplossings vir jeugontwikkelingsuitdagings te identifiseer en te implementeer.

In April 2013 het die sake-sektor, die Regering, georganiseerde arbeid, die burgerlike samelewing en nieregeringsorganisasies die Jeugindiensnemingsakkoord onderteken om die jeug toeneemend met die nodige vaardighede toe te rus en hulle in gepaste poste te plaas.

Die doelwitte van die Jeugindiensnemingsakkoord is in ooreenstemming met die Regering se pogings om ekonomiese transformasie te ondersteun. Die doel is ook om die ekonomiese bedag te maak op jongmense se

werksbehoefte en teen 2020 vyf miljoen werksgeleenthede vir jongmense te skep.

Die Regering verleen deurlopend steun aan die NYDA. Die Presidensiële Werksgroep, onder leiding van die Adjunkminister in die Presidensie, Buti Manamela, fokus op jeugkwessies om die koördinasie tussen belanghebbers en jeugorganisasies te verbeter.

**“Die doel is ook om die ekonomiese bedag te maak op jongmense se werksbehoefte en teen 2020 vyf miljoen werksgeleenthede vir die jeug te skep.”**

Nog 'n kritieke prestasie is die wysigings aan die Nasionale Jeugbeleid (2009-2014) en die aanvaarding van die Nasionale Jeugbeleid (2015-2020). Die beleid fokus op ekonomiese deelname, transformasie, onderwys, vaardighedsontwikkeling, gesondheidsorg en die bestryding van dwelmmisbruik, asook nasiebou en maatskaplike samehorigheid.

miese deelname, transformasie, onderwys, vaardighedsontwikkeling, gesondheidsorg en die bestryding van dwelmmisbruik, asook nasiebou en maatskaplike samehorigheid.

## Die NYDA het gedurende 2014/15 die volgende bereik:

- 1 034 ondernemings in jeugbesit het toekenningbefondsing van die NYDA ontvang, wat tot 4 343 werksgeleenthede gelei het.



- 62 916 entrepreneurs is deur die NYDA se Sakeontwikkelings- en ondersteuningsdienste bygestaan.



- 5 319 jongmense is in die NYDA se Program vir 'n 2de Kans om Matriek oor te Skryf ingeskryf.



- 300 jongmense is deur die Solomon Mahlangu Beursfonds bygestaan.



- 937 949 jongmense is deur individuele en groepsloopbaanvoorslagting bygestaan.



- 2 342 jongmense het aan die gestruktureerde Jeugbouprogram deelgeneem.



- 12 490 jongmense is in die Nasionale Jeugdiens se vrywilligerprogramme ingeskryf.



- 57 412 jongmense is deur die programme vir werksvoorbereiding en vir die ontwikkeling van lewensvaardighede bygestaan.



## Prestasies

Die NYDA verskuif nou sy fokus om die jeug beter te dien. Die NYDA het onlangs sy eerste skoon audit ooit ontvang en is as ten volle nakomend verklaar.

Om 'n geloofwaardige en bewaarde ontwikkelingsagentskap te word, het die NYDA die fokus van sy kernbesigheid verskuif, naamlik van ondernemingsfinansiering na onderwys en vaardighedsontwikkeling. Die grootste verandering was om nie meer lenings aan jong entrepreneurs te verskaf nie, maar eerder toekennings te maak.

Die syfers vertel 'n storie van beter dienslewering. Die behoeftes van die jeug oorskry egter steeds verreweg die NYDA se kapasiteit. Samewerking met

alle sektore van die samelewing is nodig.

Dit is uiters belangrik om die potensiaal wat die jeug bied te ontgin en dit tot voordeel van ons land se groei en ontwikkeling te gebruik. Ons het begin om 'n nuwe storie te skryf: een van hoop, vasberadenheid, produktiwiteit en sukses. En in die middelpunt van hierdie storie staan 'n vasberade en bemagtigde jeug.

Die jeug van hierdie land het gesê dat hulle nie 'n 'hand down' wil hê nie, maar eerder 'n 'hand up' om hulle te help hul om hul volle potensiaal te bereik. **V**

**\*Khathu Ramukumba, Hoof Uitvoerende Beampte van die NYDA.**